

AFRIKAANSE TAALBOEK,

PRAKTIESE WEGWIJSER BIJ DIE VERNAAMSTE
MOEILIKHEDE IN VERBAND MET DIE AFRIKAANSE
GRAMMATIKA.

DEUR

Dr. D. F. MALHERBE.



Gedruk en Uitgegee deur
DE NATIONALE PERS BEPERKT, BLOEMFONTEIN.
(„DIE VOLKSBLAD“- Drukkerij.)

VOORWOORD.

Teenswoordig hoor 'n mens gedurig die vraag : maar wanneer krij ons dan 'n Afrikaanse grammatika? Dit is om enigssins tegemoet te kom aan diegene wat so vra en aan ander wat onder die beoefening van ons taal daaglik die behoefte aan 'n praktiese handleiding voel, dat hierdie boekie onder velerlei werksaamhede opgestel is. Maar laat mij dit dadelik beken, dit sou nie geskrywe gewees het nie als Prof. Dr. J. D. du Toit, wat die noodsaaklikheid van iets dergelyks daadwerklik bij die Bijbelvertaling ondervind het, mij nie daartoe kragtig aangespoor het nie. Aan hom dank ek ook ettelike nuttige wenke en selfs onbaatsuotige stoffelike hulp.

Die „Afrikaanse Taalboek” is nie bedoel vir die jeug of beginners nie, maar wil veral ten dienste wees aan die ontwikkelde Afrikaner : onderwyser, predikant, prokureur, student ens., wat bij die beoefening van Afrikaans op moeilikhede van verskillende aard stuit en tot nog toe te vergeefs omgesien het na 'n hulpmiddel, in soverre die nie herleibaar was uit die voorbeeld van die beste skrywers nie. Dit is uit praktiese oorweginge ontstaan en wil voorsien in dit dringendste behoeftes. Vandaar die beperkte omvang; vandaar geen verklaring van taalkundige terme nie; vandaar dat ganse kapitels van die taalkunde (klankleer, woordvorming, woordbetekenis, die leer van die aksent en die sin) feitelik onaangeroerd gelaat is; vandaar die bespreking van enkele woordsoorte alleen; vandaar ook enkele oefeninge wat als opheldering moet dien. Maar daartussen deur het die skrywer tog gemeen om heen te strooi opmerkinge wat in ooreenstemming is met die nuwere taalbeskouing en berekend is om die leser die taallewe te laat sien anders als deur die bril van dooi skoolmeesterlike grammatika-fgoderij.

Dis nie 'n grammatika hierdie nie, dis 'n taalboek. En mag ons bid dat daar nooit 'n Afrikaanse grammatika, in die sin waarin ons hom uit skool-ervaring ken, geskrywe word nie; mag ons bid dat die Afrikaanse kind van die toekoms bespaar mag wees die sielsknaging wat

kom deur die inpomperij van onbegrepe en onware, want eensydige, taalkundige wijsheid. Laat die skrywer van die Afrikaanse taalkunde openbaar die rijke lewe van ons taal in helder voorstelling en aanneemlike vorm, en so die jeug oplei om vreugde te ondervind aan die lewende woord, aan egte taalstudie, omtowerend tot 'n prettige spelterrein die gevangenisoord van vroëer.

Aan so 'n verhewe eis kan hierdie praktiese handleiding ongelukkig nog nie beantwoord nie.

Oor die bestaande grammatikas kan ek kort wees. S. J. du Toit se „Eerste Beginsels” en „Vergelykende Taalkunde” is verouderd. De Waal se „Africander Grammar” en Francken se „Easy guide to the South African Dutch language” is vir Engelsspreekende bedoel, terwyl Heinrich Meyer-Benfey se „Die Sprache der Buren” en Hoogenhout se „Praktisches Lehrbuch der Kapholländischen Sprache” vir Duitsers geskrywe is. Al hierdie werke is ontstaan lang voor die vasstelling van ons spelling en om die rede alleen reeds onvoldoende.

Graag spreek ek hier 'n woord van dank aan mijn kollega, Prof. Francken, vir welwillende raadgewing op meer als een punt.

En hiermee gaan die werkie, in baing opsigte onvolmaak, die Afrikaanse wêreld in met die verwagting om menigcen behulpsaam te wees nie alleen in die gebruik van sijn taal nie, maar ook in die waardering en studie daarvan.

DIE SKRIJWER.

Bloemfontein, 4 Okt. 1917.

INHOUD.

	BLADS.
Inleiding	7
Spelling	19
Geslag	33
Selfstandige Naamwoord	34
Bijvoeglike Naamwoord	43
Trappe van vergelijking	51
Werkwoord	54
Voornaamwoord	74
Verdubbeling	89
Modaliteit	99
Aparte woorde	102

AFKORTINGE.

Afr.	Afrikaans.
bes. vnw.	besitlike voornaamwoord.
bnw.	bijvoeglike naamwoord.
b.v.	bijvoorbeeld
bw.	bijwoord.
d.w.s.	dit wil sê.
enk.	enkelvoud.
ens.	en so voort.
inf.	infinitief.
i.p.v.	in plaas van.
mv.	meervoud.
Ndl.	Nederlands.
Opm.	Opmerking.
pers. vnw.	persoonlike voornaamwoord.
pl.	plus.
snw.	selfstandige naamwoord.
tegw.	tegenwoordig.
uitdr.	uitdrukking.
verl. deelw.	verlede deelwoord.
vgl.	vergelijk.
vnw.	voornaamwoord.
voorb.	voorbeeld.
voors.	voorsetsel.
ww.	werkwoord.